


# DIE REGTE EN OPVOEDKUNDIGE BEHOEFTE VAN SIEK KINDERS EN JEUGDIGES

1. Elke siek kind en jeugdige het 'n konstitusionele reg tot onderrig, tydens verblyf in die hospitaal of tuis, ook so, indien die land waar die behandeling toegepas word, nie die land van herkoms is nie.
2. Die doel van onderrig aan siek kinders en jeugdiges is volgehoue onderrig, sodat die disipline van onderrig nie verbreek word nie.
3. Die hospitaal skool skep 'n gemeenskap van kinders en jeugdiges en normaliseer hulle daaglikse gang. Hospitaal onderrig sal toegepas word in 'n klas, groep, of op 'n individuele basis en by die pasiënt se bed, waar nodig.
4. Hospitaal en tuis onderrig moet aangepas word volgens die behoeftes en vermoëns van die kind en jeugdige, in samewerking met die tuisskool.
5. Die onderrig omgewing en fasiliteite moet aangepas word by die behoeftes van siek kinders en jeugdiges. Kommunikasie tegnologie sal gebruik word om isolering van die individu te voorkom.
6. 'n Verskeidenheid van onderrig metodes en fasiliteite sal gebruik word. Die inhoud van die onderrig is meer omvattend as die formele onderrig-salabus. Dit sluit onderwerpe in wat voortspruit uit die behoeftes van die siekte-toestand en die hospitalisasie proses.
7. Die hospitaal en tuis leerkragte moet beskik oor die nodige kwalifikasies en sal ook verdere onderrig ontvang.
8. Die leerkragte van siek kinders en jeugdiges sal deel vorm van 'n multi-disiplinêre span en sal die skakel wees tussen die gehospitaliseerde kind of jeugdige en die tuisskool.
9. Ouers moet ingelig word aangaande die reg to onderrig en die opvoedingsprogram van hulle siek kind of jeugdige. Die ouers sal erkenning kry as aktiewe en verantwoordelike vennote.
10. Die integriteit van die kind of jeugdige sal gerespekteer en eerbiedig word, insluitende mediese vertroulikheid en private veroordelings.

**Dit is die Handves van HOPE:  
Aangeneem deur die Algemene Vergadering van HOPE,  
Barcelona – 20ste Mei 2000**

Wysigings is aanvaar gedurende die Algemene  
Vergadering van HOPE, Vienna – 13de Mei 2016

(South-African version of the Charter of HOPE)



[www.hospitalteachers.eu](http://www.hospitalteachers.eu)